24/2/17

I/S: **RSG NAVRAE: BACK TO THE BIBLE MISSION**

Ek verwys na die vrae gerig deur RSG die afgelope paar dae.

Alvorens ek die vrae spesifiek hanteer wil ek sekere inleidende opmerkings maak:

1. Ek het geen beswaar hoegenaamd om die vrae aangaande Back to the Bible Mission ("BBM") te antwoord nie. Om die waarheid te sê is die vrae aan my gerig is redelik basies en kon daar baie meer breedvoerige inligting aan enige persoon of instansie verskaf word aangaande die werksaamhede van BBM sou dit *bona fide* versoek word. In die verband kan ek vermeld dat BBM se finansiële boeke geensins geheim is nie en word elke sent geld wat hanteer word behoorlik geboekstaaf en verantwoord.

2. In die bovermelde verband kan ek byvoorbeeld onder u aandag bring dat BBM op 'n baie lae begroting werk. Die indruk wat u gelaat het met die telefoniese gesprek waar u my van bedrog beskuldig het en my 'n bedrieër genoem het, is dat ek myself uit BBM verryk en/of finansieel bevoordeel. Die korrekte feite is dat ek en my vrou vir die afgelope 16 jaar voltyds betrokke is by die werksaamhede van BBM (voorheen bekend as BBTC) en dat ons in hierdie 16 jaar nie een sent salaris of enige ander vorm van vergoeding ontvang het nie. Ons het ons dienste vir die afgelope 16 jaar totaal sonder vergoeding verrig.

3. Na my aftrede as 'n Generaal in die Suid-Afrikaanse Weermag het ek en my vrou dit as ons roeping gesien om betrokke te raak by sendingwerk met die klem op Afrika. Ons Christenskap is vir ons 'n ernstige saak en was dit en is dit steeds ons behoefte om Christenskap uit te dra. Dit is die rede vir ons betrokkenheid by BBM.

4. Die korrekte feitelike posisie is dat ek inderdaad uit my persoonlike fondse etlike duisende rande oor die afgelope 16 jaar gestort het in die werksaamhede van hierdie sendingaksie. Hierdie feit kan deur ander betrokkenes by BBM en dokumentêr geboekstaaf word. My pensioen wat ek maandeliks ontvang as 'n afgetrede Generaal in die Suid-Afrikaanse Weermag met meer as 40 jaar diens kan ek u verseker is meer

as voldoende om vir my en my eggenote te sorg en verder aan te wend ter ondersteuning van die sendingaksie.

5. Persone wat die kursusse by BBM bywoon betaal nie een sent studiegeld nie. Bywoning is totaal gratis. Persone wat voltyds inwoon tydens die bywoning maak 'n klein bydrae tot akkommodasie synde R400.00 per maand wat volle akkommodasie insluitende drie maaltye per dag insluit.

6. BBM het by verskeie geleenthede oor die afgelope ses jaar gepoog om registrasie by die Departement van Hoër Onderwys te kry ten einde die werksaamhede uit te brei tot die toekenning van kwalifikasies vir persone wat kwalifiseer. Tot op hede kon daar nie en is daar geen grade en/of diplomas toegeken deur BBM (of BBTC) nie aangesien BBM nie geregistreer is nie. Al hierdie aansoeke was onsuksesvol, soos honderde ander Christen instansies se pogings om te registreer.

7. Ek merk uit vrae wat u aan 'n donateur gestuur het dat die klagte deur Dr Essack by u aanhangig gemaak is. U maak u dus maar net op hierdie stadium deel van die steeds veller wordende aanslag op Christenskap en die leer van die Bybel.

8. Onder bogemelde omstandighede wil ek dit aan u duidelik maak dat ek nie verder met u gaan korrespondeer of onderhoude voer nie. Ek daag u egter om hierdie verklaring van my in sy geheel aan u luisteraars of lesers voor te hou wanneer u, u berig publiseer. Ek nooi enige van u luisteraars en/of instansies wat *bona fide* is om BBM te besoek en onderneem om aan hulle volle insae te gee in alle werksaamhede van BBM insluitende die finansiële boeke ten einde hulleself te vergewis dat u lasterlike aantuigings van bedrog en/of onwettigheid van alle waarheid ontbloot is.

**VRAE DEUR U GEVRA:**

1. **Van wanneer af bestaan die kollege?**

*Vanaf 1991 in die Vallei van Genade, 28 kilometer buite Barberton.*
*Soos vermeld het ek eers 10 jaar later betrokke geraak by die sendingaksie.*

2. **Hoekom is dit nie geregistreer nie?**

*Ons poog reeds vir afgelope jare, sonder suskes. Ek verwys u na wat hierbo vermeld is en nooi u om Dr Essack, die persoon wat u skynbaar opdrag gegee het om hierdie beswadderingsaksie te begin, te nader om inligting te verkry oor hoeveel aansoeke van Christen Organisasies daar die afgelope 10 jaar was wat aansoek gedoen het vir akkreditasie en hoeveel daarvan suksesvol was.*

3. **Het julle ooit grade of diplomas toegeken?**

*Nee. Persone wat bywoningskursusse by BBM bygewoon het mag wel, en het wel ingeskryf by ander instansies wat geregistreer was en het toekennings van sodanige instansies ontvang. Daar is nog nooit en was nog nooit 'n suggestie dat BBM enige grade en/of diplomas toegeken het nie.*

4. **Aan watter oorsese universiteit is en was julle gekoppel?**

*Ons is 'n onafhanklike organisasie wat selfstandig met sendingwerk besig is. Ons is nie gekoppel aan enige instansie nie. Persone wat by ander opleidingsorganisasies is besoek ons wel van tyd tot tyd as deel van hulle bediening en mag dan gas-lesings aanbied by geleentheid. Dosyne lede van Kovsies en Tuks het ons in die verband al besoek in die verlede.*

5. **Was die universiteite geregistreer:**

*Doen gerus navraag by Kovsies en Tuks of hulle geregistreer is.*

6. **Wat is die inhoud van jul kursusse?**

*BBM lei Bybelstudie met persone wat bywoon en gee praktiese leiding ten aansien van bediening, Bybel interpretasie, bedieningspraktyk en so meer.*

7. **Hoeveel betaal studente vir hierdie kursusse?**

*Soos reeds aan u vermeld is die bywoning van hierdie kursusse totaal gratis– Ons is maar 'n spannetjie vreemde bedrieërs of hoe?*

8. **Wat kan 'n student doen met so 'n kursus?**

*Bywoning van BBM is na my mening geweldig verrykend. Die Bybel leer dat Jesus Christus ons 'n basiese opdrag gegee het om dissipels te maak. In kort, dit is wat BBM doen – om dissipels te maak en ander toe te rus om ook hulle opdrag verder uit te voer.*

9. **Wie betaal julle salarisse?**

*Soos reeds vermeld verdien ek en my eggenote nie een sent salaris nie en finansier ek ons lewensbehoeftes uit my pensioen van die Suid-Afrikaanse weermag.*

10. **Van waar af kry julle inkomste?**

*Soos reeds vermeld is ek 'n pensioenaris. BBM finansier die bywoners van BBM deur klein skenkings van Christen individue en organisasies. Soos u sal verstaan is R400.00 per persoon wat voltyds inwoon nie eers genoeg om 'n klein deel van selfs die kos uitgawes te betaal nie. Boere in die omgewing doen vir ons skenkings van groente, vrugte, vleis en melk om aan hierdie behoefte te voldoen.*

24/07/17